
# Going back – Week 3: *“Here, ek wil U loof! Ek kom om U te worship!”*




**Daar is 15 Psalms (120-134) wat die Jode gebid en gesing het oppad na die tempel toe.** Hulle het probeer om 3 x per jaar by die groot feesdae saam in Jerusalem by die tempel te wees. **Ons noem dit *Pelgrimsliedere.*** Oppad tempel toe is hierdie Psalms gesing/gebid, maw op hierdie manier **het hulle hulleself voorberei om in die tempel te kom of om weer in die teenwoordigheid van die Here te kom.**

***Ek wil jou uitdaag om vir 2 maande hierdie Psalms/gebede saam met my te bid… al is dit al wat jy doen, bid dit ‘n paar keer elke dag***

In **week 1** het ons gebed: ***“I’m in trouble. I cry to God, desperate for an answer.”***
In **week 2** was die uitdaging: ***“Ek kyk op na die berge. Waar sal my hulp vandaan kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het***
En nou in **week 3** gaan ons bid: ***“Here, ek wil U loof! Ek kom om U te worship!”***

**CONNECT** met mekaar:

- Hoekom dink jy is worship belangrik om met God te connect?
- Wat is vir jou good en bad van die worship-experiences wat jy al gehad het?
- In watter mate dink jy is worship meer as sing?

**CONNECT** met die Here:

- **Raak eers net stil**
- **Maak jou hande oop asof jy iets gaan ontvang** – *dalk wil jy vir die Here iets weggee…*
- **Gee nog kans vir stilgebed en wag ‘n paar oomblikke**
- **Laat een persoon Psalm 122 as gebed lees, en bid daam:** *“Here, ons het gekom om U te worship, om U te loof en te aanbid.”*
- **Bly nog stil vir ‘n minuut of wat voor julle “amen” sê.**

**CONNECT** met die Here deur sy Woord - **Lees nou Psalm 122 weer.**

Onthou: Hierdie psalms is gesing en gebid oppad tempel toe. **Dit wil ons dus voorberei om voor God te verskyn.** Die derde gebed wat ons moet bid as ons hierdie journey aanpak, is die gebed: ***"Here kom kom om U te loof!"***

**Hierdie Psalm noem 3 sake waarom worship belangrik is.**

- **Worship help ons om ons fokus reg te kry - *gee 'n basis, struktuur, raamwerk vir ons lewens, hou ons lewens bymekaar*.**

  **Hoe dink jy help worship jou hiermee?**

- **Worship bring ons nader aan die Here, groei ons verhouding met Hom – v 4** *"Dit is die voorskrif vir Israel, om die naam van die Here hier te loof…"*

  *"To give thanks to the name of God – this is what it means to be Israel."(The Message)*
  Eintlik sê hierdie vers dat om die Here te loof, *to give thanks* – is waaroor kind van God wees gaan. **Hoe dink julle kan worship ons verhouding met die Here sterker maak?**

  Maar **v 4** sê ook dit is **'n** voorskrif om God te loof. **Hoe maak ons worship baie keer afhanklik van hoe ons voel en ons emosies?**

  Maar v 4 sê dat om 'n kind van God te wees het jy eintlik nie 'n keuse as om God te worship nie.

- **Worship maak dat ons op 'n nuwe manier na God luister – v 5, 6**
  Die woord "regspreek" kan beteken – reg praat, of op 'n nuwe manier praat. **Hoe kan worship ons help om op 'n nuwe manier na God te luister en op 'n nuwe manier met Hom te praat?**

  In **v 6** is die opdrag om te bid en die die woord wat daarvoor gebruik word is dieselfde woord as iemand wat vir 'n tweede porsie kom vra (*"Sir, my I have some more?")*
  of
  die woord as iemand die pad vra as jy verdwaal het.

  Dalk wil jy meer hê, nog 'n porsie... dalk het jy verdwaal, soek jy die pad...
  Die Bybelse antwoord hiervoor is: Worship!

**CONNECT** met die Here:

Ons gaan vir die volgende 10 weke by hierdie 15 Psalms leer hoe om te bid as ons wil terug-gaan na die Here toe (*en ook sommer om ons harte voor te berei vir ons teruggaan kerk toe*).

Elke week gaan ons 'n nuwe gebed aanleer. Die challenge is om die Psalm elke dag van die week 'n paar keer te lees en elke keer die gebed van die Psalm te bid:

Die gebed vir **week 3** is: ***"Here, ek wil U loof! Ek kom om U te worship!"***
**Lees weer Psalm 122 as stilgebed**

**Gee vir elkeen kans om op sy eie te bid**

**Lees dan hardop Psam 134 (***Ons gaan elke week met hierdie Psalm afsluit***)**